# Gebedsbulletin
# No. 37 van 2024

## 15 September 2024

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Jy betaal, jy bepaal

'n Onderwyser vertel een keer vir my hoe hy met ouers moes gaan praat wie se kind onaanvaarbare teksboodskappe vir ander kinders aangestuur het. Die ouers het dadelik onskuldig gepleit, want hulle mag blykbaar nie na hulle kind se selfoonboodskappe kyk nie. Die onderwyser vra toe vir die pa of hy sy kind se selfoonrekening betaal. Toe die pa dadelik ja sê, sê die onderwyser vir hom dat as hy betaal, dan het hy ook die reg om te bepaal wat sy kind met die selfoon doen.

Ouers se roeping voor God in vandag se vreemde wêreld sluit ook in dat hulle hul kinders reg moet leer wat hulle selfoongebruik betref. Hulle moet gesonde grense rondom hulle kinders se gebruik van sosiale media stel, asook hoe lank en wanneer hulle daarmee besig mag wees. Sowel ouers as kinders moet weet dat selfone nie hulle enigste of hulle heel beste vriend is nie.

Wag, dit geld vir ons almal. Of ons nou grootouers, ouers of kinders is, ons moet ons selfone gereeld afskakel om tyd vir mekaar te maak. Ook moet ons dit gereeld afskakel om tyd te maak om die Here se stem beter te kan hoor. Hý bepaal ons lewe, nie ons selfone nie.

***Geskryf deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Jaco Steenkamp
Johnny Viviers
Annie Brink
Annika Kilian
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Jaap Naudé
Tannie Bets
Coetzee
Marinda Jordaan
Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Adri Botha
Johan Zulch
Ivy Stols
Mia Claasen
Cedric Wiegand
Pieter Voigt
Natasha Stolz
Sierie Prinsloo
Dewald Brink
Willie Viljoen




***Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .***
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN



## *Gedagte vir die week*

**HET JY AL DIE KOSTE BEREKEN?**

Luk. 14:25-33

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in